# Resensies / Reviews


- Vos, Cas. 2005. **Theopoetry of the Psalms.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*Paul Styger*) ............................................................ 309
- De Klerk, B.J. & Janse van Rensburg, Fika J. 2005. **Preekgeboorte: ’n handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25.** Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.
  (*S.F. Kruger*) ............................................................ 310
- Schoeman, Karel. 2005. **The Griqua mission at Philippolis, 1822-1937.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*Hans du Plessis*) ........................................................ 312
- Otto, J.C. 2005. **Die konsentrasiekampe.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*L.A. Changuion*) ......................................................... 314
- Hill, G. 2005. **What happens after Mugabe? Can Zimbabwe rise from the ashes?** Cape Town: Struik.
  (*J.F. Kirsten*) ............................................................ 316

## Resensies / Reviews

# Research on the Psalter

**Vos, Cas.** 2005**. Theopoetry of the Psalms.** Pretoria: Protea Boekhuis. 423 p. Prys: R180,00. ISBN: 1-86919-098-X.

**Reviewer:** *Paul Styger*
(Potchefstroom campus, North-West University)

Psalm research has regained momentum in the last decade. This is also the case in South Africa, where especially theologians from the University of Pretoria made a dedicated effort to advance the scientific research into this fascinating collection of poems in the Bible. Some of the most important works on the Psalter, e.g. by eminent researchers like Erich Zenger, is in German, or is not readily accessible to non-academic persons interested in the Psalms. Prof. Cas Vos, Dean of the Faculty of Theology at the University of Pretoria and poet in his own right, has made an invaluable contribution to solve this problem with his book on the Theopoetry of the Psalms.

This book, that will be extensively used by academics, ministers and pastors and “everyday believers”, brings together the research into the Psalter in a very unique and user friendly way. After reading this book the reader will have a very good insight into the present state of Psalter research and would have been exposed to the views, opinions and results of all the prominent international researchers. The novelty of Vos’ book is, however, that he presents this knowledge in a manner that is accessible to all readers and he also applies the knowledge in practical examples.

The book starts off with parts on the Psalms as a book of life and as a volume of poetry. Then the hermeneutical and homiletical bridges in the Psalms are discussed. This forms the major part of the book. Each of the different types (*gattungen*) of psalm is discussed and

one or two psalms are discussed and analysed in detail as examples of the specific case. These examples demonstrate how to study the Psalms and give excellent insight into the study of a psalm and these psalms in particular. One only wished that Vos would someday publish such an analysis/research compendium and discussion of *all* the psalms and not only a selection!

Under the heading: A homiletic perspective on the Psalms, aspects such as the structure and texture of psalms are discussed. Then sermons in general are discussed alluding to sermons as work of art, sermon structure and the texture of a sermon. This forms the basis for the last part of the book: Psalms in liturgy. This part covers aspects such as the Psalms as a reader, prayer book, book of meditations, book of songs, etcetera. Following, the Psalms as liturgical acts (e.g. Votum, benediction, confession, prayer, etcetera) are discussed in detail. This part provides assistance to new and old ministers and pastors, and also assistance to the understanding of the liturgy by the congregation.

*Theopoetry of the Psalms* reads and comprehends very easily, while at the same time maintaining scientific/academic integrity. It is a book that no academic, theologian, minister, pastor, Bible study group and "ordinary" believer can do without.

# Hoe word 'n preek gemaak?

**De Klerk, B.J. & Janse van Rensburg, Fika J.** 2005.
**Preekgeboorte: 'n handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25.**
Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 145 p.
Prys: R92,00. ISBN: 0-620-34291-9.

**Resensent:** *S.F. Kruger*
(Gereformeerde Kerk Middelburg-Noord)

Hierdie boek is nie in die eerste plek 'n homiletiese werk nie, dit is baie meer. Die boek bevat 'n volledige en deeglike weergawe van die hele preekmaakproses. Dit begin met 'n uiteensetting van 'n gereformeerde (en daarom wetenskaplike) Skrifbeskouing, gevolg deur 'n eksegetiese metode waardeur objektiwiteit in die preek-

maakproses verseker wil word. Perikoopvasstelling, vasstelling van die kernvers in die perikoop, tekskritiese kontrole en die verstaan van die perikoop binne die nouere en breëre konteks word beklemtoon. Ontleding van die gedagte-opbou binne die perikoop sowel as die sosio-historiese raamwerk van die perikoop word aan die orde gestel. Daarmee saam word die openbaringshistoriese plek sowel as die woordstudies en die kommunikasiedoel van die perikoop treffend behandel. Hierdeur word 'n resultaat bereik wat die korrekte en betroubare verstaan van die boodskap van die perikoop inhou. Daarna word oorgegaan na die kuns om hierdie resultaat reg en legitiem toe te pas binne die kontemporêre sosio-historiese konteks, hiervoor word bruikbare riglyne gegee.

Die aspekte in hierdie geboorteproses is die tema, hoofpunte en skema van die preek. Dit word gevolg deur riglyne vir die skryf van die preek (die styl van preekskryf en preekoordrag word behandel). Spesifieke klem val op die rol van die inleiding en slot, optimalisering van kreatiwiteit en variasie, sowel as op die raadpleging van homiletiese werke. Wat opval in hierdie boek is die klem op die leiding van die Heilige Gees in die preekmaakproses en 'n afsonderlike hoofstuk hieroor is aan die begin ingevoeg.

Die doel van *Preekgeboorte* is om wetenskaplikheid en deeglikheid terug te bring in die proses van preekmaak. Daarom word daar baie omvattend te werk gegaan. Die toepassing van die preekmaakriglyne gaan van die preekmaker baie meer insette verg. Die resultaat gaan egter betroubare, Skrifgefundeerde en treffende preke wees. So word die preekmaker gelei tot by 'n vlak waar hy/sy 'n spesialis genoem kan word.

Die standaard van hierdie werk is hoog. Die outeurs is wetenskaplikes wat vir jare alreeds met hierdie tema besig is. Tog lê die werk se besondere waarde in die verstaanbare styl waarin dit geskryf is. Die bestudering van hierdie werk word vergemaklik deur praktiese opdragte aan die einde van elke hoofstuk. Hierdie opdragte vra van die leser 'n eie reaksie op die betrokke leerstof – dit het waarde vanweë die selftoetsing en inoefening van die materiaal.

Die praktiese waarde van die werk word verder verhoog deur 'n deurlopende toepassing van die teoretiese riglyne. Hierdie toepassing word gedoen deur middel van 'n baie volledige illustrasie aan die hand van die perikoop 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Hierdie styl maak van die werk 'n begeleiding op die pad na effektiewe preke, waardeur hoorders deur die vormende effek van die preek tot

lewensvernuwing gemotiveer word. Vanweë hierdie praktiese styl het die boek nie ’n dogmatistiese of regulatiewe karakter nie. Die werk is baie toeganklik en geskik vir beginner preekmakers. Die diepgang in die boek gaan ook vir ervare preekmakers egter tot groot waarde wees. Hierdie is ’n teologiese werk wat vir teoloë bedoel is. Vir kerklidmate wat belangstel in veral die regte verstaan en uitleg van Skrifdele, sal die boek egter ook ’n effektiewe hulpmiddel wees.

Die leser (en preekmaker) word in hierdie werk uitgedaag om sy eie geloofsuitgangspunte en praktiese piëteit in oënskou te neem. Preekmaak behels ’n nederige afhanklikheidsbesef van die werking van die Gees. Dieselfde gesindheid van die kant van die twee skrywers val ook sterk op.

*Preekgeboorte* kan met vrymoedigheid aanbeveel word aangesien die standpunte en uitgangspunte nie fundamentalisties is nie, maar ook nie relatiwisties is nie. Hierdeur handhaaf die skrywers die hoogs moontlike wetenskaplike objektiwiteit. Mag die Koning van die kerk hierdie werk so seën dat preke wat tref en bekeer al meer in die kerke ’n werklikheid word.

Hierdie werk is ook in Engels beskikbaar onder die titel: *Making a sermon: a guide for reformed exegesis and preaching applied to 1 Peter 2:11-12, 18-25.*

# Philippolis – sending en Griekwas

**Schoeman, Karel.** 2005**. The Griqua mission at Philippolis, 1822-1973.** Protea Boekhuis. 142 p. Prys: R99,95.
ISBN: 1-86919-017-3.

**Resensent:** *Hans du Plessis*
(Potchefstroomkampus, Noordwes Universiteit)

Weer eens die Karel Schoeman-deeglikheid, en dit klink al na ’n cliché, maar ’n mens kan dit nie anders sê nie. Hierdie verslag van Schoeman oor die opeenvolgende sendelinge op Philippolis getuig van noukeurige navorsing en toeganklike verslagdoening. En dit

moet ook nie ongesê verbygaan nie: Protea Boekhuis het weer die moed gehad om iets uit te gee wat sekerlik nie 'n blitsverkoper kan wees nie, maar van onskatbare waarde is vir die geskiedskrywing van Philippolis, die sending en die Griekwas.

Hierdie werk van Schoeman handel oor die eerste vyf hoofde van die Londense Sendinggenootskap se eerste vyftien jaar op die stasie van Philippolis. Dit is nie net hierdie werk self wat belangrik is nie, want myns insiens moet dit saamgelees word met die skrywer se ander werk oor die geskiedenis van die Vrystaat, die sendingwerk aldaar en sy beskrywing van die Griekwakapteinskappe van die eerste dekade of drie van die negentiende eeu.

Die verloop van die verblyf van die eerste vyf sendelinge op Philippolis word nie net objektief beskryf in *The Griqua mission at Phillipolis* nie, maar word deurgaans ondersteun deur briewe en dagboekinskrywings van die sendelinge self.

Dit is uit die geskiedenisse van die sendelinge, van Jan Goeyman (1822) tot die van Theophilus Atkinson (1837), duidelik dat die geskiedenis van Philippolis se sendelinge veel meer is as die geskiedenis van die sendingstasie self. Hierdie word ook veel meer as 'n blote verslag van die Londense Sendinggenootskap: dit gee 'n duideliker agtergrond van die vervlegtheid van die Britse geskiedenis in Suid-Afrika, die sendingwêreld van dié tyd en die Griekwas en Basters in dieselfde periode. Die wêreldsheid van die kerk is toe nie so 'n nuwe verskynsel nie, en die broers en die susters nie heeltemal so toegewyd aan die geestelike as wat 'n mens graag sou wou glo nie.

Lees 'n mens byvoorbeeld die geskiedenis van G.A. Kolbe se vyfjarige verblyf (1831-1835) op Philippolis, is dit duidelik dat die beskuldigings van korrupsie en selfs owerspel gekleur word deur ander, dikwels strategiese, belange van sy aanklaers. Die lewe op die sendingstasies word dus ook maar deurgaans gekenmerk deur die wêreldse waardes van politiekery en gewone menslikheid.

Selfs die eerste sendeling, Jan Goeyman, was dalk nie so 'n goeie man nie. Of was hy maar ook net slagoffer van die hoofkantore en politieke ideale van ander?

As Karel Schoeman geskiedenis skryf, beveel ek dit sonder huiwering aan – en hierdie keer is ek ook nie verkeerd nie.

# ’n Volksin deur lyding gevorm

**Otto, J.C.** 2005**. Die konsentrasiekampe.** Pretoria: Protea Boekhuis. 213 p. Prys: R130,00. ISBN: 1-919825-22-3.

**Resensent:** *L.A. Changuion*
(Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria)

Enigeen wat van die Anglo-Boereoorlog weet, weet van die konsentrasiekampe en die lyding wat die inwoners daarvan moes deurmaak. Hoewel die konsentrasiekampe in vele bronne oor die oorlog vermeld word, is daar betreklik min oor spesifiek dié onderwerp gepubliseer.

Otto het in 1948 met ’n gelyknamige doktorale proefskrif aan die Universiteit van Pretoria gepromoveer – die tyd toe Afrikaner-nasionalisme ’n opbloei beleef het. Die proefskrif is in 1954 in ’n meer populêre vorm as die eerste objektiewe, omvattende studie oor die konsentrasiekampe (volgens die Voorwoord) gepubliseer, en in 2005 opnuut deur Protea Boekhuis uitgegee.

Die tydsgleuf waarin die proefskrif en eerste uitgawe van die boek verskyn het, kan die hedendaagse leser met vooroordeel daarteen vul. Tog was dit ’n aangename verassing dat die skrywer, hoewel krities teen die Britse owerhede, hulle pogings en ook dié van ander Britte om die toestande in die kampe te verbeter, gelyk gee. Hoewel omvattend vanuit die Afrikaneroogpunt van die kampe, moet ’n studie oor die Britse oogpunt van die kampe nog gedoen word. Die konsentrasiekampe waarin swartmense aangehou is en die toestande aldaar, word genoem, maar glad nie in die boek bespreek nie.

Verdeel in twaalf hoofstukke, begin *Die konsentrasiekampe* met die ontplooiing van die Britse beleid van brandstigting en verwoesting onder lord Roberts. Daar word gekyk na die amptelike en nie-amptelike Britse beleid waarvolgens woonhuise en eiendom vernietig is en baie Boerevroue, kinders en oues weerloos en sonder heenkome en bestaansmiddele gelaat is. Daaropvolgend geniet die Britse beleid onder lord Kitchener aandag. Dit was onder sy beheer dat daar in alle erns met ’n skoonvee-beleid begin is,

waardeur die twee Boererepublieke in ’n wildernis omskep is. Nie net is plase verwoes nie, maar daar is selfs dorpe vernietig.

In sy boek suggereer Otto dat die vernietigings- en konsentrasie-kampbeleid van die Britte daarop gemik was om die oorlog te probeer wen deur die aanstasting van die Boere se nie-vegtende familielede. Deur die lyding van die Boerevroue en kinders het die Britte, volgens Otto, probeer om die weerstand van die vegtende burgers te breek en hulle tot vrede oor te haal. Hierdie stelling word in die daaropvolgende hoofstukke herhaal wanneer die stigting van die konsentrasiekampe en die toestande in die kampe onder die loep geneem word.

Dat die Britse owerhede aanvanklik nie hulle bes gedoen het om die lot van die Boerevroue en kinders te versag nie, is waar. Die feit dat hulle wel onkant betrap is deur die duur van die oorlog, deur die toestande in die kampe en deur die getalle van die kampinwoners, word egter nie genoem nie.

Hoe dit ook al sy, die hartseer lyding van die Boerevroue, kinders en oues voor hulle aankoms in die kampe en tydens hulle verblyf in die kampe vorm die sentrale tema van die res van die boek. Deur sy deeglike navorsing wys Otto daarop hoe onvoldoende huisvesting, die swak organisasie, die karige voedselvoorsiening en swak sanitêre maatreëls asook die gebrek aan goeie mediese geriewe en behandeling die lyding in die kampe veroorsaak en vererger het en die sterftesyfer veral deur die loop van 1901 die hoogte laat inskiet het.

Dit sou eers na striemende kritiek vanuit Brittanje en veral vanuit die buiteland wees dat die Britse regering die toestande in die konsentrasiekampe ernstig begin opneem het. Teen die einde van 1901 is daar byvoorbeeld inderhaas dokters en verpleegsters na die kampe gestuur. Daardeur het die mediese behandeling in die kampe drasties verbeter. Die groter kampe is kleiner gemaak sodat dit makliker beheerbaar was. Tesame met beter voedselvoorsiening, huisvesting en sanitasie, soos deur Emily Hobhouse en die Dameskomitee bepleit, het dit tot ’n aansienlike afname in die stertftetal gelei, sodat dit in Mei 1902 ’n normale vlak bereik het. Vir baie vegtende burgers en kampinwoners was die verbeterings egter te min en te laat. Die negatiewe houding wat teen alles wat Brits is ontstaan het, het by hulle en hulle nageslag bly voortleef.

In die laaste hoofstuk word na onderwys in die kampe gekyk. Aspekte soos die spontane ontstaan van kampskooltjies en die

organisering van kampskole deur die Britse owerhede word aangeraak. Daar word ook gekyk na pogings om die kinders deur middel van dié skole te verengels. Alhoewel onderwys in die kampe wel in die boek aandag geniet, word die ander aspekte van die kamplewe, soos byvoorbeeld godsdiensbeoefening, sport en spel nie bespreek nie.

Die boek sluit af met ’n bylaag waarin die maandelikse sensus en sterftetal in die kampe in tabelvorm uiteengesit word. Hierdie syfers gee ’n mens ’n goeie begrip van die omvang en invloed van die konsentrasiekampe op die geskiedenis van die Boererepubliek.

*Die konsentrasiekampe* getuig van deeglike navorsing en is beslis ’n aanwins tot die boekeversameling oor die Anglo-Boereoorlog. Die gegewens in hierdie boek skep ’n duidelike beeld van die lyding en hartseer wat die kamplewe gekenmerk het en wat so ’n groot invloed op die ontwikkeling van die Afrikanervolk sou hê.

# Zimbabwe sonder Mugabe?

**Hill, G.** 2005**. What happens after Mugabe? Can Zimbabwe rise from the ashes?** Cape Town: Struik. 178 p. Prys: R199,95.
ISBN: 1-77007-092-3.

**Resensent:** *J.F. Kirsten*
(Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie werk handel oor die politieke en sosio-ekonomiese problematiek wat oor ’n tydperk van 25 jaar in Zimbabwe ontwikkel het onder die leierskap van president Robert Mugabe en sy regerende ZANU-PF Party. Dit is ’n feitelike weergawe van ‘n politieke diktator in Suider-Afrika wat homself in ’n onaantasbare magsposisie verskans het, maar wat in ’n groeiende demokratiese wêreld toenemend as ’n anarchronisme uitstaan. Hierdie boek is egter by uitstek ook ’n kliniese weergawe van die wyse waarop Robert Mugabe Zimbabwe in politieke en ekonomiese trurat gesit het en hoe hy en sy regerende party hulle land die afgrond in bestuur het. *“Unemployment stood at 90 percent, a third of the*

*population had gone into exile, and millions were hungry in a country that, until recently, had grown enough crops to feed itself and much of southern Africa.”* (p. viii).

Die skrywer toon aan dat Mugabe sy nasionale en internasionale steun en simpatie verloor het, dat die vraag nie is of hy van die toneel gaan verdwyn nie, maar wanneer dit gaan gebeur en op watter wyse. Ten spyte hiervan is daar, volgens die skrywer, min ingeligte waarnemers en ander intiem betrokkenes by die nood van Zimbabwe wat al oorweging begin skenk het wat vir die land voorlê as ’n nuwe demokratiese bedeling sonder Mugabe ’n werklikheid sou word.

In die raamwerk van hierdie gebrek aan vooruitbeplanning word die vraag gestel: *“What happens after Mugabe?”* State soos Zambië, Malawië en Kenia waar partye en leiers wat sedert die vroeg sestigerjare aan bewind was, uitgestem is, word as voorbeelde gebruik. Hier het die nodige voorbereiding ook nie plaasgevind met die oog op ’n getransformeerde nuwe situasie nie. In hierdie state het korrupsie en swak bestuur voortgeduur, selfs erger geword en het die nuwe regerings min gedoen om die armoede en werkloosheid doeltreffend te hanteer. Daar is byvoorbeeld ook nie daarin geslaag om uitgeweke bevolkings na hulle lande van herkoms terug te lok nie. Trouens, die neigings was dat selfs meer geskoolde mannekrag hierdie lande verlaat het. Ten spyte van hierdie lesse, is daar volgens Hill in Zimbabwe ook nie gebeurlikheidsplanne vir die toekoms in plek nie.

Die boek is van ’n hoë standaard en het baie meriete. Die skrywer het omvangryke navorsing gedoen, soos blyk uit die onderhoude wat met honderde uitgeweke Zimbabwiërs in Suid-Afrika en elders gevoer is. Hill het hierdie boek geskryf as ’n kenner wat sy vinger op die Zimbabwiese politieke en ekonomiese pols het. Selfs diegene wat vertroud is met die gebeure van die afgelope vyf jaar in Zimbabwe, sal die inhoud van die boek hoogs informatief en insiggewend vind.

Op kliniese en feitelike wyse ontleed die skrywer die aard en omvang van die verval en agteruitgang in Zimbabwe gedurende die afgelope twee dekades. Die tydperk 2000-2004 word in die besonder beklemtoon vanweë die hoogtepunt wat Mugabe en ZANU-PF se vernietigingswerk in hierdie periode bereik het. Met Mugabe se bewindsoorname in 1980 het hy ’n sterk ekonomie geërf, wat die spanning van transformasie sou kon hanteer. Die post-Mugabe Zimbabwe lyk egters anders en sal baie moeilik kan

transformeer tot 'n nuwe, lewensvatbare demokrasie met 'n bloeiende ekonomie. Die redes hiervoor word omvattend bespreek.

Die vraag wat in die lig hiervan gestel word is of Zimbabwe in staat sal wees om in 'n post-Mugabe periode weer sy plek te kan inneem as Afrika se tweede sterkste ekonomie. Die uitdagings wat in terme hiervan aan 'n nuwe Zimbabwiese regering gestel gaan word, is enorm.

Die goeie oorsig wat Hill van Zimbabwe se geskiedenis van die afgelope 200 jaar gee is belangrik. Dit slaag goed daarin om aan 'n leser 'n gebalanseerde perspektief op die kontemporêre problematiek te gee. Die omvang van die taktiek wat voor die verkiesings gevolg is, die taktiek van doelgerigte verkragting, marteling en moord wat 'n integrale deel van die optredes in Zimbabwe gevorm het, word duidelik deur Hill weergegee.

Miskien lê die grootste waarde van die boek daarin dat die skrywer probeer aantoon watter veranderinge 'n nuwe regering in Zimbabwe sal moet aanbring ten einde die land weer op sy voete te kry. 'n Ontleding word gedoen van die huidige toedrag van sake op die terreine van onderwys, gesondheid, die landbou en die polisiediens. Tekortkominge in die MDC se toekomsbeplanning word uitgewys en hoe dit verbeter kan word.

Die grondvraagstuk in Zimbabwe en die grootskaalse onteiening van grond wat aan wit boere behoort het, word ook omvattend en insiggewend deur Hill gehanteer. Die volgende uitspraak sal potensiële lesers se belangstelling beslis prikkel: *"… the so-called land debate is a minor issue, and in the twenty-first century, black culture is more about consumer goods and cell phones than raising crops"* (p. 64). Die verdere verduideliking en opheldering wat die skrywer oor hierdie probleem gee, is beslis die moeite werd om te lees.

Die leeswaardigheid van die boek lê ook daarin dat die navorsing oor Zimbabwe nie in isolasie geskied het nie. Zimbabwe word gehanteer as deel van die groter Afrika-politiek, terwyl die groter konteks die internasionale politiek self is. Die feit dat elke staat hom vandag in 'n interafhankllike wêreld bevind, word deurlopend deur die skrywer beklemtoon.

*"What happens after Mugabe?"* is 'n boek wat besonder relevant is vir 'n baie breë leserskring – nie slegs in Suid-Afrika nie, maar sekerlik ook vir burgers van ander state in Suider-Afrika en Afrika in die geheel. Studente in die sosiale wetenskappe, politici, staats-

amptenare en boere in Suid-Afrika sal die boek beslis interessant vind. Van primêre belang is die feit dat die leser se oë by hernuwing oopgemaak word vir die gevolge van swak regering in Afrika; die verskriklike negatiewe gevolge van selfsugtige leierskap! Dit vestig die besef dat die grootste vyand(e) wat enige bevolking in enige staat ter wêreld kan hê, juis ’n regering en leiers is wat nie in die nasionale belang en tot voordeel van ‘n betrokke bevolking regeer nie. Zimbabwe onder Mugabe en ZANU-PF is ’n klassieke voorbeeld, en het bekend geword as die *vampire state* of die *predator state* in Afrika.